



## KING IV™-TOEPASSINGSVERSLAG

## VERWYSING

### BEGINSEL 1: Die bestuursliggaam moet eties en doeltreffend lei.

Direksie lede moet individueel en kollektief integriteit, bevoegdheid, verantwoordelikheid, aanspreeklikheid, billikheid en deursigtigheid demonstreer om doeltreffende leierskap te verskaf wat, saam met bestuur, help om strategiese doelwitte te bereik. Die induksie van nuwe direkteure en deurlopende opleiding verseker dat direkteure die nodige kennis en bevoegdheid het om hulle pligte uit te voer.

Voldoende inligting word in die direksie- en komiteedokumentasie verskaf. Gereelde vorderingsverslae vir die individuele sake-eenhede word aan direksie lede verskaf. By direksievergaderings word lede oor nuwe tendense ingelig.

Die maatskappysekretaris en regsadviseur verskaf professionele en onafhanklike leiding aan die direksie as geheel, en aan elke direkteur individueel, oor hulle pligte en verantwoordelikhede, en vestig hulle aandag op tersaaklike wetgewing en regulasies.

Bywoning van direksie- en komiteevergaderings dui op die hoë vlak van direkteure se verbintenis.

Die direksie verseker behoorlike openbaarmaking van hoe hulle hulle bestuurstoetsigrol uitoefen. Die direksie en sy komitees monitor finansiële, omgewings-, maatskaplike en bestuurstoetsigsake, asook risiko's en geleenthede.

Geïntegreerde jaarverslag:

- Risiko's en geleenthede
- Volledige bestuurstoetsigverslag

Toepaslike beleide en bestuurstoetsigelemente:

- Kode vir sake-etiek en -gedrag
- Induksiebeleid vir nuwe direkteure en opsomming van pligte en aanspreeklikhede van direkteure (Media24-direksiebestuurs-toetsigportaal)
- Direksiereglement

### BEGINSEL 2: Die bestuursliggaam moet die etiek van die organisasie reguleer op 'n manier wat die daarstelling van 'n kultuur van etiek ondersteun.

Die Media24-direksie gee aan die bopunt die toon aan en hou toesig oor die bestuur van etiek en veral dat dit lei tot die uitkomst wat deur King IV™ in die vooruitsig gestel word. Media24 se waardes, kode vir sake-etiek en -gedrag (die Kode) en verwante beleide omvat Media24 se interaksie met interne en eksterne belanghebbendes en die breër samelewing. Media24 hanteer sy saketransaksies aan die hand van nakoming van toepaslike wetgewing, en behoorlike respek vir etiese sakepraktyke.

Bestuurspanne regoor die groep verstaan en pas die Kode toe en skep en handhaaf bewustheid van die Kode en die alarmler-beleid. Verwysing na die Kode word by die kontrakte van nuwe werknemers ingesluit, en by die induksieproses vir nuwe werknemers (by hoofsentrums, Johannesburg en Kaapstad). Die Kode is op die werwings-, prestasie-evaluerings- en beloningsproses van toepassing. Bestuurspanne moet nakoming van die Kode monitor en 'n beleid van geen verdraagsaamheid op oortredings toepas. Sanksies is in plek en die nodige stappe word gedoen, wat vervolging binne die volle omvang van die reg insluit indien dit van toepassing is.

Geïntegreerde jaarverslag: Volledige bestuurstoetsigverslag:

- Sake-etiek
- Die direksie: Hoe die direksie waarde toevoeg

Toepaslike beleide en bestuurstoetsigelemente:

- Kode vir sake-etiek en -gedrag
- Alarmler-beleid
- MyAcademy-opleiding oor kode vir sake-etiek en -gedrag en alarm maak
- Direksiereglement

Daar word van kontrakteurs, agente en konsultante wat met enige groepmaatskappy werk, verwag om dieselfde standaarde van sakegedrag na te volg. Groepmaatskappye kan vereis dat spesifieke stappe gedoen moet word, insluitend, waar toepaslik, noulettendheids- en sorgsaamheidskontroles en spesifieke kontrakbepalings vir sekere tipes kontrakteurs, agente en konsultante.

Interne oudit en risikosteun monitor OpenLine (die alarmmakergerief wat nou deur 'n nuwe diensverskaffer, Navex Global, bedryf word (voorheen Deloitte se Tip-offs Anonymous)). Waar toepaslik, ondersoek interne oudit en risiko-steun en/of eksterne forensiese konsultante sake wat aangemeld word. Beduidende aantygings en bedrog word aan die oudit- en risikokomitees gerapporteer. Die risiko- en ouditkomitees ontvang verslae oor alarmmaker-aktiwiteit en -etiek. Interne oudit en risikosteun verskaf elke jaar aan die risiko- en ouditkomitees en mensehulpbronne- en vergoedingskomitee 'n evaluering van die groep se prestasie ten opsigte van etiek.

### **BEGINSEL 3: Die bestuursliggaam moet seker maak dat die organisasie 'n verantwoordelike korporatiewe burger is en ook so beskou word.**

Media24 se beleid van volhoubare ontwikkeling sluit die verantwoordelikheid vir korporatiewe burgerskap in. Media24 se doel, waardes en strategie is in lyn met die beginsels van verantwoordelike korporatiewe burgerskap.

Die Media24-direksie hou toesig oor en monitor korporatiewe burgerskap, en word bygestaan deur Naspers se maatskaplike, etiese en volhoubaarheidskomitee (voorheen Naspers se maatskaplike en etiese komitee) wat, in ooreenstemming met die Maatskappywet, oor korporatiewe burgerskap vir die hele Naspers-groep, Media24 ingesluit, toesig hou. Media24 se uitvoerende hoof en die voorsitter van die direksie is lede van Naspers se maatskaplike, etiese en volhoubaarheidskomitee en woon die vergaderings by.

Media24 se uiteenlopende besigheid bestuur talle korporatieweburgerskap-inisiatiewe wat die werkplek, ekonomie, samelewing en omgewing raak, insluitend: breedgebaseerde swart ekonomiese bemagtiging (BGSEB), transformasie en diensbillikheidprestasie vir Suid-Afrikaanse filiale; plaaslike werkverskaffing-, gesondheids- en veiligheidswette; werknemerontwikkelingsgeleenthede (byvoorbeeld MyAcademy-platform); verantwoordelike belastingbeleid; bedrog- en teenomkoperij- en teenkorrupsie-inisiatiewe; inisiatiewe om die impak op die omgewing te beperk; en korporatiewe maatskaplike beleggingsinisiatiewe dra by tot die samelewings waarin ons besigheid bedrywig is.

Gedurende die afgelope jaar het Media24, in samewerking met sy beheermaatskappy, Naspers Beperk, 'n projek begin om ons volhoubaarheidsinisiatiewe te bevorder. As 'n vertrekpunt, is 'n algehele gapingsanalise in die verslagdoeningstydperk vir fokusareas in FJ21 geïdentifiseer, wat ook die werksgrondslag vir die komende jare sal bepaal.

Geïntegreerde jaarverslag:

- Media24: Wie ons is
- Ons mense
- Korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid

Geïntegreerde jaarverslag: Volledige bestuurstoesigverslag:

- Volhoubare ontwikkeling en korporatiewe burgerskap
- Regsnakoming
- Die direksie: Hoe die direksie waarde toevoeg

Toepaslike beleide en bestuurstoeselemente:

- Regsnakomingsbeleid en -program
- Teenomkoperij- en teenkorrupsiebeleid
- Mededingingsnakomingsbeleid
- Sanksies- en uitvoerbeheerbeleid
- Beleid vir volhoubare ontwikkeling
- Kode vir sake-etiek en -gedrag
- Naspers se riglyne vir goeie bestuurstoestig
- Direksiereglement
- Groepbelastingbeleid

**BEGINSEL 4: Die bestuursliggaam moet beseft dat die organisasie se kerndoel, sy risiko's en geleenthede, strategie, sakemodel, prestasie en volhoubare ontwikkeling alles onafskeidbare elemente van die waardeskeppingsproses is.**

Die direksie is verantwoordelik vir Media24 se prestasie deur strategiese rigting te verskaf en bestuur, en toesig te hou oor die aanvaarding van strategie en planne (wat by bestuur ontstaan). Die direksie keur jaarliks die strategie, doelwitte en sakeplanne vir die daaropvolgende boekjaar goed. Bestuur is verantwoordelik om die planne te implementeer, en word aangespoor om dit te doen deur jaarlikse prestasie-verwante inisiatiewe wat aan die groep se doelwitte en strategie gekoppel word.

Met die goedkeuring van die strategie neem die direksie volhoubaarheidsaspekte van langtermynbeplanning, risiko's en geleenthede, en wettige en redelike belange van wesenlike belanghebbendes in ag.

Die sakeplan dek korttermyn- (een jaar), mediumtermyn- (drie jaar) en langtermynaspekte. Die sakeplan is 'n onder-na-bo-/bo-na-onder- inklusiewe proses. Dit fokus op die volhoubaarheid van die besighede, met inagneming van veranderende ekonomiese, mededingings-, tegnologiese en ander markomstandighede.

Die direksie hou toesig oor die implementering van die strategie en sakeplan deur bestuur teen ooreengekome prestasiemaatreëls en -teikens. Prestasie word deur middel van gereelde finansiële inligting, sakesegment-vorderingsverslae en aanbiedings by direksievergaderings gemonitor.

Risikobestuur is 'n geïntegreerde deel van die besigheid. In sy besprekings oorweeg die direksie, met die bystand van sy komitees, die algehele volhoubaarheid van die groep uit die perspektief van "mense, wins en planeet" in ooreenstemming met die ses-kapitale-model.

Media24 beplan om in die toekoms sy toepassing van hierdie praktyk uit te brei deur sy benadering te verbeter wat die volhoubaarheid in die sakeplan integreer.

**BEGINSEL 5: Die bestuursliggaam moet verseker dat verslae wat deur die organisasie uitgereik word, belanghebbendes in staat stel om ingeligte evaluering van sy prestasie en sy kort-, medium- en langtermyn-vooruitsigte te maak.**

Die voorsitters van die direksie se komitees doen met elke geskeduleerde direksievergadering aan die direksie verslag en hou die direksie op hoogte van verwickelinge ten opsigte van hulle mandate.

Die ouditkomitee, en uiteindelik die direksie, is daarvoor verantwoordelik om oor Media24 se verslagdoening toesig te hou en bestuur se bepaling van verslagdoeningsraamwerke en die grondslag vir die bepaling van wesenlikheid goed te keur. Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde, en die internasionale geïntegreerde verslagdoeningsraamwerk, soos deur King IV™ ondersteun, word in die opstel van die geïntegreerde jaarverslag gebruik. Die direksie, bygestaan deur sy komitees, hou toesig oor die oudit- en geïntegreerde jaarverslagproses.

Geïntegreerde jaarverslag:

- Voorsitter en uitvoerende hoof se verslag

Geïntegreerde jaarverslag: Volledige bestuurstoesigverslag:

- Korporatiewe burgerskap
- Die direksie: Hoe die direksie waarde toevoeg
- Vergoedingsverslag

Toepaslike beleide en bestuurstoesigelemente:

- Beleid vir volhoubare ontwikkeling
- Direksiereglement
- Sakeplan en begroting

Geïntegreerde jaarverslag:

- 2020- finansiële jaarstate en BGSEB-nakomingsertifikaat by [www.media24.com](http://www.media24.com)

Geïntegreerde jaarverslag: Volledige bestuurstoesigverslag:

- Die direksie: Hoe die direksie waarde toevoeg
- Verslag van die ouditkomitee

Toepaslike beleide en bestuurstoesigelemente:

- Direksiereglement
- Reglement van die ouditkomitee

Om die direksie te help om die integriteit van die geïntegreerde jaarverslag te verseker, gaan die ouditkomitee hierdie verslag na voordat 'n aanbeveling vir goedkeuring aan die direksie gemaak word. Eksterne finansiële verslagdoening en wesenlike nie-finansiële inligting wat by die geïntegreerde jaarverslag ingesluit word, word deur die groep se eksterne ouditeur, PricewaterhouseCoopers Geïnk., geouditeer of nagegaan, soos van toepassing. 'n BGSEB-telkaart vir Media24 en sy filiale word deur EmpowerLogic uitgereik.

## **BEGINSEL 6: Die bestuursliggaam moet as die fokuspunt en bewaarder van korporatiewe bestuurtoesig in die organisasie dien.**

Die direksie oefen sy leierskaps- en oorsigrol uit deur jaarliks die strategie en die sakeplan goed te keur en oor die implementering daarvan toesig te hou. Aanspreeklikheid vir Media24 se prestasie word deur sy finansiële verslagdoening en geïntegreerde jaarverslag verseker, tesame met openbaarmaking van algemene en beleggersinligting op die korporatiewe webwerf, [www.media24.com](http://www.media24.com), en op die volgende webwerwe vir sy beleggers: [www.eese.co.za](http://www.eese.co.za) en [www.welkomyizani.co.za](http://www.welkomyizani.co.za).

Die direksie se rol, verantwoordelikhede, lidmaatskapvereistes en prosedurele optrede word in sy reglement gedokumenteer, wat gereeld hersien word om sy doeltreffende funksionering te rig. Beleide wat deur die direksie goedgekeur word, sit die prosesse uiteen wat gevul moet word vir:

- Enige van sy lede of komitees om onafhanklike, eksterne professionele advies vir Media24 se onkoste oor sake binne die bestek van hulle pligte te verkry.
- Sy nie-uitvoerende lede om dokumentasie van en vergaderings met bestuur te belê en verkry.

Alle direksiebeleide en die reglemente van die direksie en komitees word jaarliks hersien.

Geïntegreerde jaarverslag:

- 2020- finansiële jaarstate en BGSEB-nakomingsertifikaat by [www.media24.com](http://www.media24.com)

Geïntegreerde jaarverslag: Volledige bestuurs-toesigverslag:

- Ons direksie
- Direksiekomitees
- Onafhanklike advies
- Vergaderings en bywoning
- Verslag van die ouditkomitee

Toepaslike beleide en bestuurtoesigelemente:

- Direksiereglement
- Reglement van die ouditkomitee
- Beleid oor verkryging van onafhanklike professionele advies
- Beleid oor direkteure se reg op toegang tot inligting
- Media24-, Welkom Yizani- en Equity Express-webwerwe

## **BEGINSEL 7: Die bestuursliggaam moet die toepaslike balans van kennis, vaardighede, ervaring, diversiteit en onafhanklikheid bevat om sy bestuurtoesigrol en verantwoordelikhede objektief en doeltreffend uit te voer.**

Beleide wat deur die direksie goedgekeur is, beheer prosesse om 'n toepaslike balans van kennis, vaardighede, ervaring, diversiteit en onafhanklikheid op die direksie te bereik. Die samestelling van die direksie (insluitend die rotasie van nie-uitvoerende direksielede) word jaarliks hersien deur die nominasiekomitee, wat aanbevelings aan die direksie maak. Die direksie bevorder diversiteit in sy ledetal en oorweeg sy samestelling holisties, met inagneming van alle aspekte van diversiteit (insluitend geslag en ras) aan die hand van sy diversiteitsbeleid, en deur die verskille in die vaardighede, geografiese en bedryfservaring van sy lede ten beste te benut. Die uitvoerende hoof en finansiële hoof is lede van die direksie.

Indien die voorsitter nie haar pligte kan uitvoer nie, of indien daar 'n konflik is, neem die leidende onafhanklike direkteur as 'n tussentydse maatreël oor totdat 'n nuwe kandidaat bepaal is of die voorsitter haar verantwoordelikhede kan hervat. In die jaarlikse

Algemene jaarvergadering-kennissgewing (AJV-kennissgewing): Rotasie en herkiesing van direkteure

Geïntegreerde jaarverslag: Volledige bestuurs-toesigverslag:

- Die direksie: Samestelling, vergaderings en bywoning, die voorsitter, botsing van belange, en evaluering

Toepaslike beleide en bestuurtoesigelemente:

- Direksiereglement
- Nominasiekomiteereglement

hersiening van die samestelling van die direksie en komitees word oorweging aan opvolgbeplanning geskenk, met inbegrip van komende uittredes, en waar toepaslik, word nuwe aanstellings geïdentifiseer. Alle aspekte van diversiteit word oorweeg in opvolgbeplanning, terwyl opleidingsvereistes oorweeg word wanneer uitvoerende en nie-uitvoerende direkteure ontwikkel word.

Die nominasie-, verkiesing- en aanstellingsprosesse is formeel en deursigtig, en sluit 'n geskik-en-gepastheidstoets in. Formele aanstellingsvoorwaardes vir elke nie-uitvoerende direkteur is in plek.

Die nominasiekomitee en direksie evalueer jaarliks die kategorieë van direkteure en kategoriseer direkteure as uitvoerend, nie-uitvoerend en/of onafhanklik. Die onafhanklikheid van nie-uitvoerende direkteure wat vir langer as nege jaar dien, word jaarliks formeel geëvalueer.

Biografiese besonderhede van al die direkteure word by die geïntegreerde jaarverslag en op die Media24-webwerf, [www.media24.com](http://www.media24.com), ingesluit.

- Beleid oor direksiediversiteit
- Beleid oor aanstelling van nuwe direkteure
- Beleid oor induksie van nuwe direkteure
- MyAcademy-opleiding oor direkteure se pligte en korporatiewe bestuurstoestig

## **BEGINSEL 8: Die bestuursliggaam moet verseker dat sy ooreenkomste vir delegering in sy eie strukture onafhanklike oordeel bevorder, en help met die balans van mag en die doeltreffende uitvoering van sy pligte.**

Die direksie se permanente projek- (voorheen uitvoerende), audit-, risiko-, mensehulpbronne- en vergoedings-, en nominasiekomitees speel 'n sleutelrol om goeie korporatiewe bestuurstoestig te verseker. Met die bepaling van verantwoordelikhede wat aan komitees gedelegeer word, is die direksie gelei deur regs- en regulatoriese vereistes, die aanbeveling van King IV™, en wat vir Media24 toepaslik is. Die verantwoordelikhede en samestelling van komitees word in die bestuurstoestigverslag uiteengesit.

Reglemente word jaarliks deur die direksie vir alle komitees goedgekeur en hersien. Komiteereglemente hanteer die samestelling, rol en verantwoordelikhede, gedelegeerde gesag, vergaderprosedures, reg om professionele advies te verkry, en prestasie-evalueringe. Alle komiteede is direksielede. Komitees doen by elke geskeduleerde direksievergadering aan die direksie verslag. Daar is oorvleuelende lidmaatskap tussen alle komitees ter wille van doeltreffender funksionering. Die delegering van verantwoordelikhede verwyder nie die direksie se aanspreeklikheid nie, en die direksie hanteer inligting, menings, aanbevelings, verslae en state wat aan hom voorgelê word op 'n gesamentlike grondslag.

Lede van die uitvoerende en senior bestuur word na komiteevergaderings genooi om inligting oor en insig in hulle gebiede van verantwoordelikheid te verskaf. Enige direksielid is daarop geregtig om enige komiteevergadering as waarnemer by te woon, onderhewig aan ooreenkoms met die voorsitter van daardie komitee. Hulle kan egter nie stem nie en is nie op bywoningsgelde geregtig nie.

Die ouditkomitee het die mag om besluite oor sy statutêre pligte te neem, en is vir sy prestasie in hierdie verband aanspreeklik. Die direksie is uiteindelik aanspreeklik vir ander verantwoordelikhede wat aan die ouditkomitee gedelegeer word. Die eksterne ouditvenoot en hoof van interne audit en risikosteun het onbeperkte toegang tot die voorsitter van die ouditkomitee, wat twee keer per jaar apart met ouditeurs vergader. Verwys na die audit- en mensehulpbronne- en vergoedingskomitees se verslae asook die bestuurstoestigverslag in die geïntegreerde jaarverslag vir verdere besonderhede, spesifieke openbaarmakings en fokusareas.

Geïntegreerde jaarverslag: Volledige bestuurstoestigverslag:

- Die direksie en direksiekomitees: Oudit-, risiko-, mensehulpbronne- en vergoedings-, en nominasiekomitees

Toepaslike beleide en bestuurstoesigelemente:

- Direksiereglement
- Komiteereglemente

**BEGINSEL 9: Die bestuursliggaam moet seker maak dat die evaluering van sy eie prestasie en dié van sy komitees, sy voorsitter en sy individuele lede deurlopende verbetering in sy prestasie en doeltreffendheid ondersteun.**

Die direksie bepaal hoe die prestasie-evaluering van die direksie, sy komitees, individuele lede en sy voorsitter benader moet word. Tot in 2018 het die direksie elke jaar 'n formele interne selfevaluering van sy eie doeltreffendheid en dié van sy komitees, individuele lede en sy voorsitter uitgevoer. Die leidende onafhanklike direkteur staan aan die hoof van die evaluering van die voorsitter. Terwyl prestasie oor die algemeen jaarliks as deel van die hersiening van die samestelling van die direksie en sy komitees oorweeg word, het hierdie formele proses vanaf 2019 na elke twee jaar verander. In November 2019 het die Media24-direksie besluit om na 'n jaarlikse formele proses terug te skakel.

Geïntegreerde jaarverslag: Risiko's en geleenthede  
 ➤ Die direksie, evaluering, en nominasiekomitee

Toepaslike beleide en bestuurstoeselemente:  
 ■ Direksiereglement  
 ■ Reglement van die risikokomitee  
 ■ Risikobestuursbeleid

**BEGINSEL 10: Die bestuursliggaam moet seker maak dat die aanstelling van en delegering aan bestuur tot die duidelikheid van rolle en doeltreffende uitoefening van gesag en verantwoordelikhede bydra.**

Die direksie keur die aanstelling van die uitvoerende hoof en die finansiële hoof goed. Die mensehulpbronne- en vergoedingskomitee oorweeg die prestasie van die uitvoerende hoof en finansiële hoof jaarliks teen ooreengekome prestasie-aansporingsdoelwitte. Die ouditkomitee oorweeg die prestasie van die finansiële hoof en die finansiële funksie en doen daarvoor verslag in sy verslag wat by die geïntegreerde jaarverslag ingesluit word. Die direksie keur die groep se vlakke van gesag jaarliks goed. Dit sluit gedelegeerde gesag aan Media24 se uitvoerende hoof in. Die direksie evalueer die algehele prestasie van die uitvoerende hoof en finansiële hoof. Die geïntegreerde jaarverslag verskaf prestasiemaatstawwe vir die uitvoerende hoof en finansiële hoof. Uitvoerende direkteure word ook as deel van die jaarlikse individuele direkteure se evalueringproses in hulle hoedanigheid as direkteure geëvalueer.

Opvolgingsplanne, insluitend tussentydse aanstellings, vir die uitvoerende hoof en senior uitvoerende beamptes word jaarliks deur die mensehulpbronne- en vergoedingskomitee hersien.

Die direksie stel die voltydse maatskappysekretaris aan. Die kantoor van die maatskappysekretaris is bemaagtig en dra die nodige gesag. Die maatskappysekretaris het die nodige bevoegdheid, gravitas en objektiwiteit om onafhanklike leiding en ondersteuning te verskaf. Die maatskappysekretaris rapporteer aan die voorsitter oor alle statutêre pligte en funksies wat vir die direksie uitgevoer word. Oor ander pligte en administratiewe sake rapporteer die maatskappysekretaris aan Media24 se finansiële hoof. Die prestasie en onafhanklikheid van die maatskappysekretaris word jaarliks deur die mensehulpbronne- en vergoedingskomitee, die nominasiekomitee en die direksie geëvalueer.

Geïntegreerde jaarverslag: Volledige bestuurstoeseigverslag:  
 ➤ Die direksie, uitvoerende hoof en maatskappysekretaris  
 ➤ Mensehulpbronne- en vergoedingskomitee  
 ➤ Vergoedingsverslag: Dienskontrakte

Toepaslike beleide en bestuurstoeselemente:  
 ■ Direksiereglement  
 ■ Groep se vlakke van gesag  
 ■ Reglement van die mensehulpbronne- en vergoedingskomitee  
 ■ Nominasiekomiteereglement

**BEGINSEL 11: Die bestuursliggaam moet risiko bestuur op 'n manier wat die organisasie met die stel en bereiking van strategiese doelwitte ondersteun.**

Die direksie keur Media24 se risikobestuursbeleid, wat jaarliks hersien word, goed.

Verantwoordelikheid vir die bestuur van risiko's en geleenthede word deur al die groep se besluitnemers gedeel, van die Media24-direksie tot groep- uitvoerende hoofde en hoofbestuurders, tot by ander bestuur met gedelegeerde verantwoordelikhede. Geleenthede word as deel van die oorsigproses deur verskillende bestuurstoeseigstrukture geïdentifiseer en aangemeld. Risiko's en geleenthede word oorweeg wanneer strategie bepaal word en die jaarlikse sakeplan en begroting bespreek word. Uitvoerende

Geïntegreerde jaarverslag: Risiko's en geleenthede

Geïntegreerde jaarverslag: Volledige bestuurstoeseigverslag:  
 ➤ Regsnakoming  
 ➤ Die direksie: Hoe die direksie waarde toevoeg  
 ➤ Risikokomitee

bestuur is daarvoor verantwoordelik om risiko te identifiseer, bestuur en aan te meld. Die groep se risikoraamwerk, register en hittekaart rig die verslagdoeningsproses om seker te maak dat sleuteldoelwitte geïdentifiseer en verwante risiko's oorweeg, geëvalueer en aangemeld word.

Die direksie hanteer risiko's as 'n geïntegreerde deel van sy besluite en in die uitvoering van sy pligte, en evalueer en bepaal die aard en omvang van risiko wat Media24 bereid is om in die nastrewing van sy strategiese doelwitte te aanvaar. Media24 het talle belangrike risiko's kan nie maklik gekwantifiseer kan word nie. As 'n groep oorweeg ons nie risikodraende vermoëns in 'n tegniese sin in ons strategiese besluite nie, maar ons maak seker dat ons binne ooreenkomste met ons skuldverskaffers bly. Ons bedryf voldoende versekeringsprogramme om die risiko van skielike verliese wat deur die materialisering van 'n versekerbare risiko veroorsaak word, te versag.

Die risikokomitee help die direksie met sy risiko-oorsigrol.

Die risikoregister wat aan die risikokomitee verskaf word, sit besonderhede uiteen wat bestuursoptredes as toepaslik in reaksie op risiko's versag. Sakekontinuiteit word as 'n sleutelrisiko in die groep beskou en word dienooreenkomstig bestuur.

Interne audit en risikosteun verskaf jaarliks gerusstelling oor die doeltreffendheid van die risikobestuurprosesse regoor die groep.

Toepaslike beleide en bestuurstoeselemente:

- Direksiereglement
- Reglement van die risikokomitee
- Risikobestuurbeleid

## **BEGINSEL 12: Die bestuursliggaam moet tegnologie en inligting bestuur op 'n manier wat die organisasie met die stel en bereiking van strategiese doelwitte ondersteun.**

Die direksie hersien en keur die reglement vir inligtings- en tegnologiebestuurstoestig (I&T-bestuurstoestig) en die kubersekeriteitsbeleid jaarliks goed. 'n Oorsig oor reëlins vir die regulering en bestuur van I&T, monitoring van doeltreffendheid, fokusgebiede gedurende die jaar, toekomstige fokusgebiede en ander spesifieke openbaarmakings verskyn in die volledige bestuurstoestigverslag en ons risikobestuurstoestigafdeling in die geïntegreerde jaarverslag. I&T-bestuurstoestig word in die konteks van ondernemingwye risiko- en geleentheidbestuur toegepas. Sake-aanpasbaarheid is 'n sleuteldoelwit van kubersekeriteitsplanne, wat kuberinsidente hanteer, monitor en daarop reageer. Die vermoë van besighede om op ontwinging te reageer, val binne die bestek van interne audit en risikosteun.

Nakoming van tersaaklike wette en etiese en verantwoordelike gebruik van I&T word deur middel van ons kode vir sake-etiek en -gedrag en regsnaakoming en dataprivaatsheidsprogramme hanteer. Dataprivaatheid is 'n groot prioriteit vir Media24.

Interne audit en risikosteun verskaf op grond van gedetailleerde beheermaatreëls om geïdentifiseerde risiko's te bestuur en kwesbaarheid te verminder, gerusstelling aan bestuur, die risikokomitee en direksie oor die doeltreffendheid van I&T-bestuurstoestig. Die groep se risikokomitee hou toesig oor I&T vanuit onderskeidelik die risiko- en etiekperspektief. Hierdie reëlins vir bestuurstoestig oor en bestuur van I&T stel die risikokomitee, en uiteindelik die direksie, in staat om toesig oor Media24 se I&T-bestuurstoestig te hou.

Geïntegreerde jaarverslag: Risiko's en geleentheid

Geïntegreerde jaarverslag: Volledige bestuurstoestigverslag:

- I&T-bestuurstoestig
- Die direksie: Hoe die direksie waarde toevoeg
- Risikokomitee

Toepaslike beleide en bestuurstoeselemente:

- Direksiereglement
- Reglement van die risikokomitee
- Risikobestuurbeleid
- I&T-bestuurstoestigreglement
- Beleid oor kubersekeriteit
- Dataprivaatheidsprogram en -beleide
- Kode vir sake-etiek en -gedrag
- Regsnaakomingsbeleid en -raamwerk

**BEGINSEL 13: Die bestuursliggaam moet bestuurstoedig uitvoer oor nakoming van toepaslike wette en aanvaarde, nie-bindende reëls, kodes en standaarde op 'n wyse wat die organisasie ondersteun om eties op te tree en 'n goeie korporatiewe burger te wees.**

'n Oorsig oor reëlins vir die regulering en bestuur van nakoming, maatreëls om doeltreffendheid te monitor, fokusgebiede gedurende die jaar, toekomstige fokusgebiede en ander spesifieke openbaarmakings verskyn in die volledige bestuurstoedigverslag.

Hierdie reëlins stel die risikokomitee en die direksie in staat om holisties toesig te hou oor Media24 se regsnakoming op 'n manier wat Media24 as 'n etiese en goeie korporatiewe burger ondersteun.

Geïntegreerde jaarverslag: Volledige bestuurstoedigverslag:

- Regsnakoming
- Die direksie: Hoe die direksie waarde toevoeg
- Risikokomitee

Toepaslike beleide en bestuurstoedigelemente:

- Direksiereglement
- Reglement van die risikokomitee
- Regs- en nakomingsbeleid
- Teenomkoper- en teenkorrupsiebeleid
- Mededingingsnakomingsbeleid
- Sanksies- en uitvoerbeheerbeleid
- Regsnakomingsraamwerk
- Dataprivaatheidsprogram en -beleid

**BEGINSEL 14: Die bestuursliggaam moet seker maak dat die organisasie billike, verantwoordelike en deursigtige vergoeding betaal ten einde die bereiking van strategiese doelwitte en positiewe uitkomst oor die kort, medium en lang termyn te bevorder.**

Die direksie hersien en keur die vergoedingsbeleid jaarliks goed. Die direksie het oorsig van die uitvoering van die vergoedingsbeleid aan die mensehulpbronne- en vergoedingskomitee gedelegeer, wat aan die direksie verslag doen oor sy aktiwiteite en waar nodig aanbevelings maak.

Die vergoedingsbeleid is ontwerp om werknemers te lok, motiveer en behou, en om die bereiking van strategiese doelwitte binne die groep se risiko-aptiyt en etiekkultuur te bevorder. Die beleid hanteer billike en verantwoordelike vergoeding regoor die organisasie en sit alle elemente van vergoeding uiteen. Die vergoedingsbeleid, in lyn met King IV™ se aanbevelings, is in November 2019 as deel van die jaarlikse beleidsoorsigproses nagegaan – [klik hier](#).

Vergoeding word openbaar gemaak in 'n verslag met drie afdelings wat by die geïntegreerde jaarverslag ingesluit word: agtergrondverklaring, oorsig oor hoofbepalings van die vergoedingsbeleid, en 'n implementeringsverslag.

Nie-uitvoerende direkteure ontvang nie betaling vir hul dienste as direkteure van Media24 Beherend Eiendoms Beperk nie. Die vergoedingsbeleid en implementeringsverslag word onderskeidelik jaarliks vir 'n nie-bindende adviesstem deur aandeelhouers by die AJV ter tafel gelê.

AJV-kennisgewing, gewone besluite nommers 6 en 7

Geïntegreerde jaarverslag: Volledige bestuurstoedigverslag:

- Vergoedingsverslag
- Die direksie: Hoe die direksie waarde toevoeg

Toepaslike beleide en bestuurstoedigelemente:

- Vergoedingsbeleid
- Direksiereglement
- Reglement van die mensehulpbronne- en vergoedingskomitee
- Risikobestuurbeleid
- Kode vir sake-etiek en -gedrag
- Beleid vir volhoubare ontwikkeling

**BEGINSEL 15: Die bestuursliggaam moet seker maak dat gerusstellingsdienste en -funksies 'n doeltreffende beheeromgewing moontlik maak, en dat dit die integriteit van inligting vir interne besluitneming en van die organisasie se eksterne verslae ondersteun.**

Geïntegreerde jaarverslag, gerusstelling op bladsy 29



Die direksie verskaf gerusstelling ten opsigte van die geïntegreerde jaarverslag en finansiële jaarstate in sy verklaring van verantwoordelikheid wat by die geïntegreerde jaarverslag ingesluit word.

Die ouditkomitee en die direksie verseker dat gerusstellingsdienste en -funksies 'n doeltreffende beheeromgewing moontlik maak, en die integriteit van inligting vir interne besluitneming en van Media24 se eksterne verslae ondersteun. Interne oudit en risikosteun doen aan die ouditkomitee oor die interne beheeromgewing verslag.

Media24 volg 'n model van gekombineerde gerusstelling, wat sleutelrisiko's deur 'n toepaslike kombinasie van gerusstellingsdiensverskaffers en -funksies dek, insluitend lynfunksies wat risiko's besit en bestuur, spesialis- interne oudit en risikosteun- en nakomingsfunksies (vir Media24 en belangrike besighede), asook eksterne ouditeurs en ander tersaaklike partye. Hierdie model is aan sleutelrisiko's gekoppel, en 'n evaluering van gekombineerde gerusstellingsdoeltreffendheid word aan die oudit- en risikokomitee gerapporteer. Die maatskappysekretaris, regsadviseur en eksterne regsadviseur verskaf leiding aan die direksie oor wetlike vereistes.

Die hoof van interne oudit en risikosteun word deur die ouditkomitee aangestel. Die hoof van interne oudit en risikosteun het onbeperkte toegang tot en vergader periodiek met die voorsitter van hierdie komitee.

Geïntegreerde jaarverslag: Volledige bestuurs-toesigverslag

- Interne beheersisteme
- Interne oudit en risikosteun

Toepaslike beleide en bestuurstoeselemente:

- Direksiereglement
- Reglement van die ouditkomitee
- Reglement vir interne oudit en risikosteun

**BEGINSEL 16: In die uitvoering van sy bestuurstoestigrol en -verantwoordelikhede moet die bestuursliggaam 'n belanghebbende-inklusiewe benadering volg wat die behoeftes, belange en verwagtinge van belangrike belanghebbendes in die beste belang van die organisasie oor tyd balanseer.**

Belanghebbende-betrokkenheid is gedentraliseer en word deur die kommunikasiespan, korporatiewe sekretariaat, regs- en mensehulpbronnepan en woordvoerders in verskillende besighede van die groep hanteer. Oorsigte van die bestuurstoestig rol en bestuur van belanghebbende-betrekkinge en maatreëls om doeltreffendheid te monitor, verskyn in die geïntegreerde jaarverslag en volledige bestuurstoestigverslag. Dit demonstreer dat die direksie 'n belanghebbende-inklusiewe benadering volg en bestuur se proses van betrokkenheid by geïdentifiseerde belanghebbendes monitor. Die direksie neem belanghebbendes in ag tydens besluite en die maatskappy word nie in 'n rigting gestuur wat die natuurlike omgewing, samelewing of toekomstige geslagte negatief sal raak nie. Die bestuur van belanghebbende-riisiko is 'n geïntegreerde deel van groepwye risikobestuur.

Verwys na die verslae van ons belanghebbendes en benadering tot bestuurstoestig in die geïntegreerde jaarverslag vir 'n meer gedetailleerde oorsig oor hoe ons belanghebbende-betrekkinge bestuur.

Geïntegreerde jaarverslag: Hoe ons met ons belanghebbendes skakel

Geïntegreerde jaarverslag: Volledige bestuurs-toesigverslag:

- Die direksie: Hoe die direksie waarde toevoeg

Toepaslike beleide en bestuurstoeselemente:

- Direksiereglement
- Alle reglemente vir die direksie en komitees en groepbeleide, insluitend kommunikasie-beleid
- Naspers-groep se riglyne vir goeie korporatiewe bestuurstoestig en Naspers-groep se jaarlikse uitvoerende hoof/finansiële hoof se aftekenproses

Die geïntegreerde jaarverslag kan by [www.media24.com](http://www.media24.com) gelees word.

Die volledige bestuurstoestigverslag verskyn op bladsye 46 tot 59 van die geïntegreerde jaarverslag.